**Die tabernakel versus die tempel na die ballingskap (OP183)**

**Hag 2:1-9**

**4 Augustus 2024**

Ons is besig om die Sinaiverbond te bestudeer. As deel van die verbond het die Here aan die volk Sy wet gegee asook die voorskrifte om die tabernakel te bou. Ons het gesien die tabernakel beeld die verlossingspad wat die Here met 'n gelowige loop, uit. Ons het ook gesien dat die tuin van Eden 'n eerste tempel was, met baie ooreenkomste, maar ook beduidende verskille in vergelyking met die tabernakel. Laasweek het ons na die tempel wat Salomo gebou het, gekyk. Dawid wou die tempel bou, maar die Here het geoordeel Hy sal eerder vir Dawid 'n huis bou, terwyl Salomo die fisiese tempel kon bou. Die fisiese tempel was 'n tipe van die tempel wat die Here vir Dawid sou bou – naamlik daardie tempel waarvan Jesus die hoeksteen is, die apostels en profete die fondament is en die gelowiges die gebou is. Ongelukkig het die volk vasgehaak by die fisiese tempel en hulle vertroue daarin gestel, i.p.v. om te sien die tempel is 'n hulpmiddel om by gehoorsaamheid uit te kom. Gevolglik het die Here hulle herhaalde male gewaarsku om gehoorsaam te wees. Maar hulle het nie geluister nie, en die gevolg was dat die Here die Babiloniërs gestuur het wat die volk in ballingskap weggevoer het, en die tempel vernietig het.

Vandag wil ek voortgaan met die bestudering van die tabernakel/tempel tema, en ek wil aandag gee aan wat ons leer aangaande die tempel na die ballingskap. Vir die doel wil ek na die volgende punte kyk: (1) Tempelprofesieë wat al voor die ballingskap gegee is, (2) Tempelprofesieë wat tydens die ballingskap gegee is, (3) Tempelprofesieë wat na die ballingskap gegee is terwyl die tempel besig was om herbou te word. Ek wil ook net weer erkenning gee aan Beale en wat hy in sy boek "God dwells among us: Expanding Eden to the ends of the earth" skryf.

<u>Tempelprofesieë wat al voor die ballingskap gegee is (Jes 51:2-3, 54:2-3, 56:3-7)</u>

Die laaste gedeelte van die boek Jesaja bevat profesieë wat die toekoms inkyk – selfs ver die toekoms inkyk. Dink maar aan Jes 45 waar Kores by die naam genoem word as die gesalfde van die Here – dit was natuurlik Kores wat die volk later toegelaat het om terug te keer na die beloofde land. Ek wil nou fokus op 'n paar profesieë in Jesaja wat van toepassing is op die tempel.

Lees Jes 51:2-3. Ek gee toe hier word nie spesifiek na die tempel verwys nie. Maar let op die volgende: In vers 2 sê die Here vir die volk hulle moet weer na Abraham gaan kyk – alhoewel die Here hom geroep het as een persoon, het die Here hom talryk gemaak – dit is tog in lyn met die Here se beloftes in die Abraham verbond. In vers 3 sê die Here Hy het Sion, dit is die volk, getroos deurdat Hy haar woestyn soos Eden gemaak het. Die punt om raak te sien is dat die Here steeds die doel het om die volk se omstandighede te verander sodat dit weer soos in Eden sal wees. Nou, onthou nou, Eden was die tuin waarin Adam en Eva gewoon het. Dit was die eerste tempel. Die Here het destyds van Adam en Eva verwag hulle moet die tuin bewerk en bewaak, maar hulle moes ook die tuin uitbrei – totdat die hele aarde deel van Eden sou wees. Intussen moes hulle ook vermeerder en die aarde vul. Die einddoel was dus dat die hele aarde tuin moes wees en dat die tuin met mense gevul moes wees. As die Here nou hier sê Hy maak die volk se woestyn soos Eden, haar Araba soos die tuin – dan blyk dit die Here het steeds daardie oorspronklike einddoel in gedagte.

Lees Jes 54:2-3. Die Here kyk steeds die toekoms in. En dan roep Hy die volk op en sê hulle moet die plek vir hulle tent, hulle huis as jy wil, groter maak. Hulle moet die tentdoeke van hulle wonings oopspan. Hulle moet dit nie beperk nie. Hulle moet hulle tenttoue lank maak. Hulle moet hulle tentpenne stewig inslaan. Hoekom? Want hulle gaan uitbrei, hulle gaan na links en na regs uitbrei,

hulle nageslag gaan nasies in besit neem. Kan ek jou herinner aan wat ons 'n paar weke gelede in Gen 28:14 gelees het wat die Here destyds vir Jakob gesê het toe hy daar by Betel gedroom het – die Here het gesê: "Jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde. Jy sal uitbrei na die weste, die ooste, die noorde en die suide. Deur jou en jou nageslag sal al die grootfamilies van die aarde geseënd wees". Begin jy die patroon sien? Die Here wou hê Adam moet Eden uitbrei tot dit die hele aarde insluit. Vir Jakob sê die Here: wees voorbereid jy gaan uitbrei in alle rigtings. Deur Jesaja sê die Here: berei julle voor – Ek wil julle soos Eden maak, berei julle voor, maak julle tente groot – julle gaan uitbrei!

Lees Jes 56:3-5. Die verstommende wat ons hier lees is dat die Here sê selfs vreemdelinge, selfs eunugs, kan in Sy tempel kom – die Here sal hulle daar gedenk met 'n teken en 'n naam wat 'n ewige naam is wat nooit uitgewis sal word nie. Sien jy waar die groei vandaan gaan kom? Nie net uit die volk nie, nee dit gaan van vreemdelinge kom, selfs van eunugs kom. Lees verse 6-7. Hoe gaan hulle inkom? Hulle moet hulle verbind om die Here te dien en lief te hê en om gehoorsaam te wees. Dan sal die Here hulle vreugde laat ervaar in Sy huis van gebed – in die tempel. Begin jy verstaan wat die Here bedoel het Adam moet nie net die tuin bewerk en bewaak nie, nee, hy moet ook die aarde gaan onderwerp – dit deel maak van die tuin. Duidelik het die Here 'n groot einddoel in gedagte.

<u>Tempelprofesieë wat tydens die ballingskap gegee is (Eseg 36, 40-43, 47)</u>

Esegiël tree as profeet op tydens die Babeloniese ballingskap. Ek wil weer die fokus laat val op die einde van die boek waar Esegiël ook vorentoe kyk. Hier is eenvoudig te veel detail en ons kan nie nou by alles stilstaan nie – ek wil jou aanmoedig gaan lees weer Eseg 36 tot die einde van die boek – dit is aangrypend. Kom ek probeer om die essensie saam te vat.

In Eseg 36 profeteer Esegiël onder die leiding van die Here oor die terugkeer van die volk uit ballingskap. Lees verse 9-12. Die Here beloof die volk sal terugkeer na die land, en daar sal die Here hulle vermeerder en talryk maak, hulle sal vermeerder en vrugbaar wees. Hoor jy die opdrag aan Adam: vermeerder en vul. Lees vers 23. Die Here onderneem om dit alles te doen – om daardeur Sy groot Naam te heilig, want daar kon 'n idee onder die ander nasies ontstaan het dat die Here Sy volk verwerp het tydens die ballingskap. Nee, die Here gaan hulle terugbring sodat selfs die ander nasies sal moet erken dat Hy inderdaad heilig is en getrou bly aan Sy beloftes aan Sy volk. Lees verse 24-28. Absoluut verstommende verse – verse wat krities belangrik is om die hele verlossingsplan van die Here behoorlik te verstaan, verse wat krities belangrik is om die nuwe verbond te verstaan. Maar, soos laasweek toe ons nie op die detail van die Dawidverbond ingegaan het nie, gaan ons ook nie nou in op die detail van die nuwe verbond nie. Ek hoop om na die Sinaiverbond na die Dawidverbond te kyk, en daarna na die nuwe verbond – maar sien tog intussen raak hoe dit alles ineengevleg is. Maar let veral op dat die Here sê dat Hy Sy Gees in hulle binneste sal gee waardeur hulle harte vernuwe sal word – 'n groot saak wat een van die groot ontwikkelings is in die nuwe verbond. Ons gaan dit nie nou in detail bespreek nie, maar neem kennis hiervan – ons gaan dit weer later vandag raakloop.

Lees verse 33-35. Hier het jy dit weer – die Here gaan die volk terug bring, die stede gaan herbou word, die land wat verlate gelê het, gaan weer bewerk word – dit gaan soos die tuin van Eden word! Die Here het nog steeds Eden in gedagte – wat Sy doel aan die begin was, is steeds Sy doel: Eden moet uitgebrei word en Eden moet gevul word met mense!

Kyk nou wat gebeur in die res van Esegiël. In Eseg 40-42 sien Esegiël 'n visioen van 'n tempel. Ons lees 'n klomp detail – ons lees van die tempel se afmetings, ons lees van sy afwerkings, ons lees detail oor die priesterkamers. Dit laat ons dink aan die beskrywing van Salomo se tempel in 1 Kon 6-

7, waar daar ook baie detail gegee is. Die verskil is egter daar was dit nie duidelik of die detail deur die Here voorgeskryf was nie, en of dit nie dalk eerder die resultaat was van Salomo se eie planne nie. Maar hier is dit wel duidelik: dit die Here wat al die detail gee – soos destyds by Sinai toe die Here ook al die detail gegee het vir die oprigting van die tabernakel.

Lees Eseg 43:1-5. Hier lees ons: Esegiël sien in die visioen hoe die heerlikheid van die Here die tempel gevul het – soos wat die heerlikheid van die Here die tabernakel gevul het by Sinai, soos wat die heerlikheid van die Here die tempel gevul het wat Salomo gebou het. Lees verse 6-7. Die Here verklaar aan Esegiël dit is hier, in hierdie tempel, wat die Here tussen Sy volk sal woon vir altyd. Dit is die plek van die Here se troon. En, let op: Die huis van Israel sal nie weer die Here se Naam verontreinig nie. Dit is verstommend: Onthou, by Sinai het hulle binne 40 dae die goue kalf gemaak. Met Salomo se tempel het hulle opgegaan in die tempel, terwyl hulle ongehoorsaam was aan die Here. Maar nou sê die Here – met hierdie tempel sal dit nie weer gebeur nie. Lees verse 10-11. Esegiël moet hierdie tempel wat hy in die visioen gesien het, vir die volk beskryf. Dit moet hulle beskaamd maak oor hulle sondeskuld. Die oplossing vir hulle ongehoorsaamheid is in die betekenis van die tempel opgesluit – soos wat ons met die tabernakel gesien het: Die oplossing vir daardie skaakmat situasie van die heilige Here wat onder Sy onheilige volk wil woon om Sy verbondsbeloftes waar te maak, lê in die tabernakel. Hier lê die oplossing vir die ongehoorsaamheid van die volk in die tempel.

En dan volg in Eseg 47 daardie heerlike visioen van lewende water wat uit hierdie tempel vloei en lewe skep sover as wat dit vloei, waarna ons 'n paar weke gelede gekyk het – wat weereens herinner aan daardie riviere wat uit Eden gevloei het na die res van die wêreld.

<u>Tempelprofesieë wat na die ballingskap gegee is terwyl die tempel besig was om herbou te word (Hag 2, Sag 1,2,4,6)</u>

Voordat ons na die detail van sommige van die profetiese uitsprake kyk wat gemaak is nadat die volk uit ballingskap teruggekeer het, wil ek net kortliks die geskiedenis opsom na die ballingskap – veral die deel van die geskiedenis wat verband hou met die herstel van die tempel. Ons lees daarvan in die boek Esra, asook in van die klein profete soos Haggai en Sagaria.

Ons weet tydens die ballingskap het die Perse die Babeloniërs oorwin. Kores was die Persiese koning wat nou aan bewind was. In die jaar 539 vC gee hy opdrag dat die lede van die volk wat wil teruggaan na die beloofde land, kan teruggaan. Hulle moet teruggaan juis met die doel om die tempel van die Here in Jerusalem te gaan herstel. As jy deur die boek Esra lees, sien jy hulle het redelik vinnig die altaar herbou en begin om gereeld offers te bring. In die jaar 537 vC, m.a.w. ongeveer twee jaar na Kores die opdrag gegee het hulle kan teruggaan, het hulle begin met die bouwerk aan die tempel, en die fondament van die tempel is gelê (Esra 3). Met die lê van die fondament was daar gemengde gevoelens onder die volk – sommiges was vol vreugde, terwyl ander gehuil het. Die wat gehuil het was uit die geledere van die priesters, Leviete, familiehoofde en van die ouer mense. Hulle het waarskynlik gehuil omdat hulle die fondament vergelyk het met Salomo se tempel wat hulle nog kon onthou – en die fondament was teleurstellend.

Hierna volg heelwat teenstand deur die volk se vyande wat probeer het om die herstelwerk aan die tempel te keer. Dit het gelei tot vertraging in die herstelwerk – tot in die tweede jaar van koning Darius – d.w.s. tot in die jaar 520 vC, 17 jaar nadat die herstelwerk begin is. Darius het ondersoek gaan instel nadat Tatenai beswaar gemaak het teen die herstel van die tempel, en het geoordeel die werk kan voortgaan. Toe het dit nog vyf jaar geduur tot in 520 vC voordat die herstelwerk aan die tempel afgehandel was en die tempel ingebruik geneem kon word (Esra 6) – al met al 19 jaar nadat

Kores aanvanklik die bevel uitgevaardig het vir die herbou van die tempel. Die profete Haggai en Sagaria het opgetree in hierdie periode vanaf 520 vC toe die herstelwerk hervat is na daardie onderbreking van 17 jaar. Op daardie stadium was Serubbabel die streekgoewerneur van Juda, hy was dus die persoon wat die naaste gekom het aan een uit die nageslag van Dawid wat geregeer het. Ja, hy was nie koning nie, maar hy was darem goewerneur onder die Persiese koning. Josua was die hoëpriester.

In Hag 1 kom die woord van die Here tot Haggai, en hy moet die boodskap aan Serubbabel en Josua oordra. Lees Hag 1:2. Hier kritiseer die Here die volk oor die feit dat hulle redeneer die tyd is nog nie ryp dat hulle die Here se huis, dit is die tempel, moet herbou nie. Lees Hag 1:4. Die Here kritiseer hulle verder dat hulle intussen wel in hulle eie huise met houtpanele woon. Ek dink die Here het hulle hierdeur herinner aan Dawid wat destyds in 'n paleis gewoon het, terwyl die verbondsark in 'n tent gestaan het. Wel, ten minste het Dawid destyds geoordeel hy moet 'n tempel bou. En nou oordeel die Here die volk behoort ook soos Dawid te voel en begin om die tempel te herstel. Vervolgens wys die Here hulle daarop dat hulle swaarkry – hulle saai, maar oes min, hulle eet, maar word nie versadig nie (vers 6). Dink nou aan daardie profesieë uit byvoorbeeld Esegiël waarna ons vroeër gekyk het – daar het dit geblyk dat die terugkeer gepaard sou gaan met voorspoed, maar dit is nie wat die volk beleef nie. Die Here maak dit duidelik die rede hiervoor is dat Sy huis steeds 'n bouval is, terwyl elkeen rondhardloop vir sy eie huis. Die gevolg was dat Serubbabel, Josua en die volk ag geslaan het op die woord van die Here. Hulle het bang geword. Maar die Here het hulle die versekering gegee Hy is by hulle, en toe het hulle begin om te werk aan die huis van die Here.

Lees Hag 2:1-5. Hier is die volk besig om te bou. En dan kom die Here se woord deur Haggai tot Serubbabel, Josua en die volk. En die Here vra hoe vergelyk die heerlikheid van hierdie tempel met die heerlikheid van die tempel wat Salomo destyds gebou het? Die Here sê die wat die tempel van destyds nog kan onthou, moet oordeel. Ons lees in Esra dat van hierdie mense gehuil het. Hier oordeel die Here egter self en sê: Hierdie tempel lyk na niks in vergelyking met die vorige een nie! Wat gaan nou aan? Daar is al daardie heerlike profesieë uit Jesaja en Esegiël oor hierdie nuwe tempel wat herbou gaan word en wat ons sou verwag werklik indrukwekkend sou wees – maar nou lyk die tempel na niks! En dan gaan die Here voort in vers 4-5: Serubbabel, hou moed! Josua, hou moed! Volk van die land, hou moed! En die Here sê al lyk die tempel na niks, moet hulle werk! Hy is by hulle – trouens Sy Gees sal altyd in hulle midde wees!

Lees Hag 2:6-9. Die Here praat verder: Nog een keer, binnekort, sal die Here die hemel, die aarde, die see en die droë grond laat bewe. Die Here sal ook al die nasies laat bewe – en dan sal hulle na hierdie tempel kom, en hulle sal hulle skatte soontoe bring. Wel, ten minste klink dit bekend – dis tog in lyn wat die Here van Adam verwag het, wat die Here aan Jakob beloof het, wat die Here deur Jesaja beloof het, wat die Here deur Esegiël beloof het. En dan sê die Here ook nog dat Hy hierdie huis met heerlikheid sal vul. Trouens die heerlikheid van hierdie huis sal groot wees – selfs groter as te vore. Onthou, die heerlikheid van die Here het die tabernakel gevul. Die heerlikheid van die Here het ook die tempel deur Salomo gevul. Maar as jy die inwyding geskiedenis van hierdie tempel in die boek Esra lees, is daar niks wat gesê word dat die heerlikheid van die Here die tempel gevul het. En tog beloof die Here Hy sal hierdie huis vul met heerlikheid – en sy heerlikheid sal selfs groter wees as die tabernakel of die vorige tempel s'n. Boonop voeg die Here by – dit is hier wat Hy vrede gaan gee. By die tabernakel was daar stryd – Moses moes dringend vir die volk intree. By Salomo se tempel was daar stryd – die Here het selfs vir Jeremia gesê hy moet nie vir die volk intree nie, en op die ou end is die tempel en die volk vernietig. Maar nou gaan die Here vrede gee?

Sien jy die dilemma? Heerlike profesieë voor en tydens die ballingskap: Die verlossing kom. Die volk sal terugkeer. En dan sal die land sy opbrengste lewer, en die volk sal vermeerder. En dit sal

gepaardgaan met 'n tempel, waarvan daar strome lewende water vloei, en die nasies sal daarheen kom met hulle skatte. Maar die realiteit is nou dat die volk terug is, is dit 'n gestoei. Dit gaan swaar. Hulle beleef vyandigheid. Die land lewer nie sy opbrengs nie. Hulle moet aangemoedig word om die tempel te herbou. En alhoewel dit al met al 24 jaar neem van Kores se opdrag tot die tempel herbou is, oordeel selfs die Here die tempel lyk na niks! Trouens die heerlikheid van die Here het nie eens die tempel gevul nie. En tog sê die Here: Hou moed! Ek is by julle! Werk! Hou aan bou! My Gees sal in julle midde bly! Ek gaan die nasies laat kom! My heerlikheid gaan die tempel vul – selfs meer as tevore! Ek gaan hier vrede bewerk! Hoe moet ons dit alles verstaan?

Sagaria was 'n tydgenoot van Haggai. Hy tree ook op vanaf 520 vC – vandat Darius uitspraak gelewer het die bouwerk aan die tempel moet hervat word. In Sag 1-6 verskyn die Here aan Sagaria in agt nagvisioene. Ek wil kortliks uitlig wat ons in vier van hierdie visioene lees:

**Eerste visioen (Sag 1:7-17):** In hierdie visioen sien Sagaria 'n aantal ruiters op perde. Die engel wat die visioene aan Sagaria moet verduidelik, sê vir Sagaria die perderuiters het die aarde deurkruis en kom rapporteer aan die Here dat die hele aarde stil en rustig is. Onthou nou, dit is dieselfde tyd as wat ons sopas in Haggai oordink het. Die volk is terug uit ballingskap, hulle het verwag dit sal goed gaan – maar dit gaan swaar. Nou sien Sagaria perderuiters wat die aarde deurkruis het en terug rapporteer: alles is stil en rustig. Dit moes 'n reuse teleurstelling vir Sagaria gewees het. Daarom vra hy in Sag 1:12 "Here, hoe lank gaan U nog U ontferming oor Jerusalem en Juda weerhou?" Hy redeneer die 70 jaar van ballingskap is tog verby. Die Here moet tog optree teen hulle vyande. Maar hulle kry swaar. En boonop rapporteer hierdie ruiters ook nog alles is stil en rustig. Dit is asof Sagaria wil sê: Here tree tog op! Lees vers 14-15. Hier antwoord die Here Sagaria: Die Here sê Hy is enersyds besorg oor Jerusalem en Sion, en andersyds is Hy vol grimmigheid oor die nasies. Lees vers 16: Die Here onderneem steeds: Hy sal terugkeer na Jerusalem, Sy huis sal herbou word, Jerusalem sal uitgemeet word. Al lyk dit dalk nie nou so nie, bevestig die Here dat al Sy beloftes in die vorige profesieë vervul sal word.

**Derde visioen (Sag 2:1-5):** Lees verse 1-5. In die visioen sien Sagaria 'n man met 'n maatlyn in sy hand, en hy wil Jerusalem gaan opmeet. Maar in vers 4-5 lees ons dat die engel die man moet gaan stop. En die rede waarom hy nie die stad moet gaan meet nie is omdat dit 'n stad sonder mure sal wees, dit sal sonder mure wees omdat daar so baie mense en diere sal woon. Trouens, die Here onderneem dat Hy self die muur sal wees, en Hy sal self in heerlikheid in hulle midde woon. Hoe moet ons dit verstaan? Lees verse 10-11: Die Here self gaan in die midde van die volk kom woon – en baie nasies gaan hulle aan die Here verbind en deel word van Sy volk. Dit herinner aan wat ons vroeër gesien het rakende Adam, Jakob en die profesieë in Jesaja en Esegiël.

**Vyfde visioen (Sag 4:1-14):** Lees verse 1-6. 'n Mens behoort 'n hele preek aan hierdie visioen af te staan. Maar laat my toe om net die essensie uit te lig. Sagaria sien 'n menora van suiwer goud met sewe lampe. 'n Menora is natuurlik 'n lampstaander. Dit herinner natuurlik aan die lampstaander in die tabernakel en die tempel, wat in die Heilige gestaan het. Sagaria sien aan weerskante van die lampstaander twee olyfbome. Dit lyk uit die res van die beskrywing asof olie vanaf die olyfbome vloei na die oliebak, en vandaar na die sewe lampe. Dit blyk uit vers 14 dat die twee olyfbome die twee gesalfdes is wat by die Here staan. Baldwin sê in sy kommentaar dit verwys na Serubbabel en Josua. Onthou wie hulle was: Serubbabel was die streekgoewerneur – dit was die naaste aan 'n koning destyds vir die volk. Josua was die hoëpriester. Sien jy die prentjie: Die koning en hoëpriester staan weerskante van die lampstaander. Olie vloei van hulle na die oliebak, dan na die lampe. Die olie laat die lampe brand, en die lig skyn vanuit die kandelaar. Die vraag is: Waarna verwys die olie? Ek glo die antwoord word in vers 6 gegee: "Nie deur eie mag of krag nie, maar deur My Gees".

Ek hoop jy begin ‘n konneksie maak: In Eseg 36 het ons gelees die Here beloof Hy gaan Sy Gees in mense se harte gee. In Hag 2 het die Here die volk aangemoedig hulle moet moed hou en aanhou werk – Sy Gees sal in hulle midde wees. En hier begin ons lees hoe die Gees gaan werk: die Gees is die olie wat vloei vanaf die gesalfdes, vanaf Serubbabel en Josua, vanaf die koning en die hoëpriester, vanaf die Priesterkoning na die lampstaander, en dit laat die lampe skyn in die wêreld in.

**Agste visioen (Sag 6:1-15):** Lees verse 1-8. Die visioen wat Sagaria sien is van vier strydwaens. Hierdie strydwaens was voor die Here, maar word hier uitgestuur. Hulle word in verskillende rigtings uitgestuur om die aarde te deurkruis – en die Heilige Gees gaan saam. Lees verse 12-13. Hier lees ons van ‘n Loot wat uitspruit. Hierdie Loot word gekroon as koning en sit op die troon, maar daar is ook ‘n priester op die troon – en hulle twee is absoluut eenstemmig. En daar word spesifiek gesê dit is hierdie Loot wat die tempel van die Here sal bou.

Geliefdes, kan ek die prentjie van Sagaria se visioene probeer saamvat met al die ander profesieë waarby ons vandag kortliks stilgestaan het: In die eerste visioen is Sagaria moedeloos – want hulle omstandighede is haglik, hulle sukkel met die herstel van die tempel, en nou leer die Here in die visioen die aarde is rustig en stil. Hoekom tree die Here nie op om hulle te help om die tempel te herbou en die profesieë van vroeër te vervul nie? Die Here sê Hy is steeds diep besorg oor Sy volk en sal Sy beloftes hou. In die derde visioen bemoedig die Here Sagaria verder – moet nie Jerusalem probeer meet nie – dit sal groot wees, baie groot, baie nasies gaan daarheen kom, en die Here gaan self in hulle midde woon as hulle heerlikheid. In die vyfde visioen gee die Here aan Sagaria insig in hoe dit gaan gebeur. Dit gaan gebeur deur die werk van die Koning en die Hoëpriester, oftewel deur die werk van die Priesterkoning – ons weet dit is deur die werk van die Here Jesus. Maar meer as dit, dit gaan ook gebeur deur die werk van die Heilige Gees, wat van die Priesterkoning af vloei na die kandelaar. Dit is die werk van die Priesterkoning en die Gees wat die lampe laat brand en die lig laat skyn. In die agste visioen wys die Here vir Sagaria dat die Here vanuit die hemel strydwaens uitstuur in alle rigtings om die aarde te deurkruis. Dit is die ekwivalent van die lig wat vanuit die kandelaar skyn in die wêreld in. Dit is soos die strome van lewende water wat uit die tempel vloei in Esegiël se visioen na die res van die wêreld en lewe skep sover as wat dit gaan. Dit is hoe Jakob se nageslag sal uitbrei na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. Dit is hoe die tuin van Eden uitgebrei sal word totdat dit die hele aarde insluit wat gevul is met mense. Dit is die ekwivalent van die volk wat moet aanhou bou aan die tempel – hulle moet hierdie tempel groot bou, hulle moet dit bou met stene uit al die nasies, hulle moet hulle tentdoeke wyd span, hulle moet hulle tenttoue lank maak, hulle moet hulle tentpenne stewig inslaan. Hier kom baie mense uit baie nasies. Hulle moet moed skep en aanhou bou. Hulle kan weet hulle doen dit nie uit eie mag en krag nie, nee, hulle doen dit deur die Gees wat vloei uit die twee olyfbome, wat vloei uit die werk van die Priesterkoning.

As ons dit alles begin raaksien, dan word dit vir ons duidelik dat al die heerlike profesieë oor hierdie komende tempel is nie vervul met daardie tempel wat gebou is na die ballingskap nie. Nee, die bou van daardie tempel het gewys ons moet baie groter dink as daardie fisiese tempel. Soos die volk moes leer hulle moes nie aan Salomo se tempel vasklou nie, begin ons ook leer die Here is op pad na iets baie groter, baie heerliker. As ons dit alles begin raaksien, is ons gereed om aan te beweeg na die Nuwe Testament. As ons nou met oop oë die Nuwe Testament lees, gaan ons verstom staan om te sien hoe hierdie profesieë in vervulling gaan, en ook beter begin verstaan waarheen hulle besig is om op te bou. En ek hoop om volgende week daaraan aandag te gee.

Maar intussen, let op: Ons kan moed skep – maar ons moet ook bou!